

## 12.2 RAPPORT 1 – DEPUTATE VIR APPÈL – APPÈL TEEN ‘N BESLUIT VAN STREEKSINODE RANDVAAL (Artt 224, 226)

- A. Die Sinode gaan in camera.
- B. Dr RM van der Merwe lewer die Rapport.
- C. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
- D. Die ondervoorsitter, ds SD Snyman, maak die besluite aan die partye bekend.

### E. RAPPORT

#### Opdrag

Vgl Acta 2012:27, art 11.3, punte 2 en 5.

#### **Sake waarvan die Sinode kennis neem**

##### **1. Ontvanklikheid: Formeel**

- 1.1 Kennisgewing van Appèl is binne ses weke aan beide die Streeksinode Randvaal asook die Algemene Sinode gegee.
- 1.2 Die besluit waarteen geappelleer word is uit die aangehegte offisiële redaksie korrek aangehaal.
- 1.3 Die Appèl toon gronde vir Appèl aan.

**Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.**

##### **2. Ontvanklikheid: Inhoudelik**

- 2.1 Die saak het formeel kragtens KO, art 46 nie reeds by die vergadering gedien nie.
- 2.2 Daar is duidelike gronde in terme van KO, art 31 in die Appèl aangedui.

**Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.**

##### **3. Kort historiese oorsig en samevatting van die inhoud en verloop van die saak**

(‘n Tydslyn van die verloop van die saak is in die Notule van die Streeksinode Randvaal (Voortgesette Streeksinode van 2012/13, punt 3) opgeneem).

- 3.1 Br JH en sr M Kruger het reeds in 2009 beswaar gemaak by die GK Linden teen bedieningspraktyke/bedieningsmodel wat in die gemeente gebruik word wat volgens hulle nie ooreenstem met Gereformeerde bedieningspraktyke nie.  
Daarna het die Krugers oor dieselfde saak ook na Klassis Groter Johannesburg geappelleer teen besluite van die GK Linden. Die saak is ten minste by tien verskillende geleenthede deur die Klassis Groter Johannesburg hanteer.  
Die Krugers, JJ Howell en J Smit het voorts teen besluite van Klassis Groter Johannesburg na Streeksinode Randvaal (2014) geappelleer en appelleer nou na die Algemene Sinode 2015.  
Hoewel die saak vanweë die lang tydsverloop in sekere opsigte ingewikkeld kan voorkom, blyk dit dat dit deurgaans in wese dieselfde saak is.
- 3.2 Die vraag is of Gereformeerde lidmate die reg het om bedien te word ooreenkomstig die (wyse van) geestelike versorging wat deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bely word soos wat die Kerkorde hierdie kerklike bediening reël. Die Appèlskrif voer aan dat die reg van Gereformeerde lidmate gekrenk word indien daar van hierdie kerklike bedieningswyse afgewyk word (vgl NGB, artt 30-32, KO, artt 31, 86; Appèl van Jan en Marié Kruger, 27 Sept 2010, p1).  
Die saak trek saam in die punt of beide die Skrif en die Kerkorde norme is waaraan die kerklike bediening en/of kerklike bedieningspraktyke/modelle getoets word én dat kerke in die GKSA die reg van Gereformeerde lidmate krenk deur te verseg om die Kerkorde as norm vir ‘n bedieningsmodel te gebruik.

- 3.3 Dit blyk uit die Appèlskrif dat die GK Linden erken dat hulle bedieningsmodel van die Kerkorde afwyk (Notule, Klassis 26 Julie 2014, pt 6, pt 8). Daarby bevind die Klassis Groter Johannesburg dat die bedieningspraktyke van die GK Linden teen 'n letterlike verstaan van die Kerkorde is, maar dat Linden se bedieningspraktyke nie noodwendig teen die Skrif en Belydenis is nie. Die Streeksinode handhaaf hierdie gedagte (Notule, Klassis 26 Julie 2014, pt 6, pt 8:1, 3, 5; Notule Streeksinode Randvaal 2014, pt 5). Die vraag is of hierdie toepassing van die Kerkorde in onderskeiding tussen die letterlike en die gees en beginsel van die Kerkorde (Handelinge Streeksinode Randvaal, 2014, pt 5) 'n geldige onderskeiding is?
- Die Appèlskrif betoog dat die Streeksinode (2014) die GK Linden se bedieningsmodel nie volgens die Kerkorde beoordeel nie, soos die kerke met mekaar ooreengekom het (KO, artt 31, 86; vgl Acta 2012:27, 2.5 en 29, 5.2), én soos kerklike bedienaars ooreenkomstig die onderskeie Beplygingsformuliere en Ondertekeningformuliere onderneem (KO, artt 53, 54).
- Daardeur verwerp die Streeksinode Randvaal, soos Klassis Groter Johannesburg, die Kerkorde as 'n norm vir die kerklike bediening en word die reg van Gereformeerde lidmate gekrenk. Die Appèlskrif verduidelik dat die Streeksinode Randvaal nie in ag neem dat so 'n benadering tot die Kerkorde nie in die Gereformeerde kerkreg aanvaar word nie én ook nie dat ordebepalings, soos verwoord in die Kerkorde altyd 'n normatiewe karakter het.
- 3.4 Die vraag kom na vore of die Skrifopenbaring oor die orde van die kerk soos ons dit in die konfessie bely en in die Kerkorde reël as die norme vir die kerklike bediening geld, aangesien die kerke in die Kerkorde die wyse erken waarop Christus in die Skrif openbaar dat die kerk regeer moet word én die kerke ooreengekom het om die kerklike bediening ooreenkomstig die Kerkorde te behartig (NGB, art 32; KO, artt 31, 86; vgl 3.6 van Appèlskrif). Sou 'n afwyking daarvan ook 'n afwyking van die Skrifopenbaring oor God se orde vir die opbou en uitbou van sy kerk impliseer? Dit blyk hier deurslaggewend te wees om te onderskei tussen die *ius divinum* en die *ius permisivum*. Beide is bindend (vgl Smit, CJ, 1984, God se orde vir sy kerk:94, 95). Spoelstra, wie se standpunte 'n belangrike rol speel in die beoordeling van hierdie Appèl, se onderskeid tussen die *quod* en die *modus quo* berus eweneens op die bogenoemde onderskeid wat sedert Voetius inslag in die Gereformeerde kerkreg het.
- 3.5 Die rede waarom geappelleer word teen 'n besluit van Streeksinode Randvaal nadat die Streeksinode die Appellante gelyk gegee het, gaan volgens die Appèlskrif daaroor dat die Appellante slegs op sigwaarde gelyk gegee is, maar in stryd met die uitspraak tog bevind dat nie een van die wesenlike gronde by die Streeksinode (Appèlgronde 1 en 2) slaag nie. Die effek hiervan is dat daar uiteindelik geen regsherstel kan plaasvind oor die wese van die saak nie.
- 3.6 Die Appèlskrif wys daarop dat Kerke in die GKSA met mekaar ooreengekom het om die kerkregering ooreenkomstig die Kerkorde te behartig, soos dit in die Skrif en Belydenis (bv. NGB, artt 27-32) geleer word. Die kerke erken met ander woorde in die Kerkorde die wyse waarop Christus in die Skrif openbaar dat sy kerk geregeer moet word. Juis omdat die kerke ooreengekom het dat die bestaande Kerkorde uit die Skrif en Belydenis geput is, het die Kerkorde normatiewe gesag vir die kerklike bediening. Volgens die aard van die Kerkorde is die Skrif en Kerkorde normatief vir kerklike bediening (KO, art 31), en kan daar vir kerklike regspraak 'n beroep op die Kerkorde gedoen word.

- 3.7 Die GK Linden se erkenning dat hulle van die Kerkorde afwyk, het volgens die Appellante die implikasie dat hulle daarmee erken dat hulle ook van die Kerkorde afwyk ten opsigte van die sogenaamde *ius divinum* (heilige/Goddelike reg soos in die Skrif) en *ius positivum* (gegrond op NGB, art 30; vgl 4.2.1.1 van Appèlstuk). Die Appèlstuk in pt 2.4.2 beredeneer dat die Streeksinode Randvaal nie hierdie selferkende feit in berekening neem in hul besluit nie, maar volstaan by mondelinge toeligting van die Toeligers van die Klassis Groter Johannesburg wat van die teendeel getuig as wat in die besluit van die Klassis staan (kyk 4.2.1.1).
- 3.8 Die Appellante maak die volgende algemene samevatting van die beroep wat hulle voor die Algemene Sinode lê:
- Dat die SSR die reg krenk deurdat die SSR op grond van gegewens wat voor die SSR gedien het in stryd met die KO besluit het dat 'n onderskeid tussen 'n sogenaamde letterlike toepassing van die Kerkorde en "handelinge" binne die gees en beginsel van die Kerkorde (kyk 2.4.1), in terme van die Gereformeerde kerkregering (Kerkorde) houdbaar is en deurdat die SSR die KO in die Kruger/Howell/Smit-appèl sodoende nie as normatief geag het nie (Appèlskrif, 3.1.1, p5).*

**Besluit: Punte 3.1 tot 3.8 kennis geneem.**

#### **4. Prosedure**

- 4.1 Twee van die Appellante, prof J Smit en br JH Kruger, het op 15 Desember 2014 voor die Deputate die geleentheid gehad om die Appèl te stel.
- 4.2 Die Toeligers van die Streeksinode, dr H Goede en ds ASA de Bruyn, het op dieselfde vergadering geleentheid gehad om die besluit van die Streeksinode Randvaal te verduidelik en te motiveer.
- 4.3 Getuienis van sowel die Appellante en die Toeligers is in mekaar se teenwoordigheid aangehoor.
- 4.4 Die getuienis, soos in die dokumentebundel (met Appèlskrif en Bylaes 1 tot 11) vervat, is deur die Deputate ondersoek.
- 4.5 As deel van die ondersoek na die saak is beide die Appellante en Toeligers deur die Deputate ondervra
- 4.6 Voorlopige bevindings en aanbevelings is aan die Appellante en Toeligers deurgegee met 'n uitnodiging om voor die Deputate repliek te lewer
- 4.7 Skriftelike repliek is van ds de Bruyn ontvang en prof J Smit en oudl JJ Howell het mondelinge repliek gelewer op 05 Januarie 2015.
- 4.8 Nadat die repliek verwerk is, is 'n finale Rapport opgestel om na die konstituering van die Algemene Sinode beskikbaar gestel te word.

**Besluit: Punte 4.1 tot 4.8 kennis geneem.**

#### **5. Beoordeling van Appèlgronde**

##### **5.1 Vertrekpunt**

Daar is verskeie onderskeidings wat vir die beoordeling van hierdie Appèl in gedagte gehou moet word (onder meer):

- 5.1.1 Die onderskeid tussen *jus constituendum* (die reg soos wat dit behoort te wees) en *jus constitutum* (die reg soos wat dit is).
- 5.1.2 Die onderskeid tussen *jus divinum positivum* (gegrond op NGB, art 30) en *jus divinum permissivum* (gegrond op NGB, art 32).
- 5.1.3 Die onderskeid tussen die gesag van die Skrif as *norma normans* (normerende norm), die gesag van die Belydenis as *norma normata* (genormeerde norm) en die gesag van die Kerkorde as *norma ministrans* (bedienende norm, of bediening van die norm).
- 5.1.4 "... in die Kerkorde spreek mense in gehoorsaamheid aan die Skrif deur die werkinge van die Heilige Gees" (CJ Smit, 1984:83).

**Besluit: Punte 5.1 tot 5.1.4 kennis geneem.**

## 5.2 Appèlgrond 1

### Die Appellante beweer

*dat die Streeksinode Randvaal 'n onderskeiding tussen die letterlike en 'n "ander" wyse van verstaan en die toepassing van die Kerkorde handhaaf en onderskryf, 'n onderskeiding wat die Kerkorde self nie handhaaf nie.*

*Ter ondersteuning van hulle standpunt beroep die Streeksinode Randvaal hulle op 'n ongeldige en ongenuanseerde wyse op dokumente van bepaalde kerkregtelikes.*

*Daarmee word die normatiewe aard en gesag van die Kerkorde misken en gevolglik word die reg gekrenk.*

### Die Appellante beredeneer

- 5.2.1 dat die aard en taal van die Kerkorde daarop dui om letterlik opgeneem en toegepas te word. Daarvoor verordineer die Kerkorde sekere bepalings kragtens sy aard as 'n ordebepaling of Kerkorde:
- 5.2.1.1 Artikel 1 stel nie 'n moontlikheid vir goeie orde in die kerk van Christus nie, maar maar bepaal wat nodig is en onderhou moet word vir die goeie orde in die kerk.
- 5.2.1.2 Artikel 3 bepaal: "*Dit sal vir niemand geoorloof wees ...*" Uit hierdie verbod blyk juis dat optrede binne die gees en beginsel van die Kerkorde inhou om die formulerings en bedoelings van die artikels van die Kerkorde na te volg. Daarom het die kerke deur die geskiedenis, soos dit volgens die tyd en die omstandighede nodig was, saam besin oor die moontlikhede van byvoorbeeld kanselruil en die wenslikheid daarvan.
- 5.2.1.3 Artikels 4 en 5 verwys na die wettige beroeping en toelating van 'n kandidaatstudent en ook van 'n predikant wat reeds in die bediening is. Die term "wettig" hou in dat beroeping en toelating ook op 'n "onwettige" wyse sou kon plaasvind. In daardie konteks is dit nie moontlik nie om die onderskeid te maak tussen die letterlike toepassing van die Kerkorde en handeling in die "gees" van die Kerkorde.
- 5.2.1.4 Dit blyk dat bykans elke artikel in die Kerkorde kragtens die aard van die Kerkorde 'n preskriptiewe karakter het. Die Kerkorde is bedoel om volgens die formulering daarvan toegepas te word.

### Kerkregtelike opmerkings van die Deputate

*Die vraag is of die onderskeid tussen 'n letterlike verstaan van die Kerkorde en 'n verstaan volgens die gees en beginsel van die Kerkorde enigsins 'n geldige onderskeiding vir die kerkregering/Christusregering veronderstel en verwoord.*

*Geen Gereformeerde kerkregtelike het nog na die bedoeling van die GK Linden, Klassis Johannesburg en die Streeksinode Randvaal oor sodanige onderskeid in die verstaan en hantering van die Kerkorde gehandel nie. Dit blyk dat dié onderskeiding aan onder meer Getz se "function/form, principle/pattern, message/method en truth/tradition – onderskeide ontleen word.*

*Uit die eiesoortige aard (sui generis) van die Kerkorde blyk dit nie 'n legitieme onderskeiding te wees nie. Om selfs die teenoorgestelde van 'n opvatting volgens die gees en beginsel van die Kerkorde: 'n streng, absolute, letterlike opvatting van die Kerkorde teenoor 'n sogenaamde opvatting volgens die gees van die Kerkorde, maak nie enige sin in die regering van Christus se kerk nie. Dit lei tot vreemde betoog wat klaarblyklik nooit die bedoeling van die Kerkorde was nie.*

*Kerke kom met mekaar (uit die Skrif) ooreen wat Christus se orde vir sy kerk is en pas dit gewoon op 'n gepaste en ordelike wyse in Christus se kerk toe. Daarom was die toepassing van die Kerkorde nog nooit in die vaarwaters van die onderskeiding: letter en gees/beginsel nie.*

*Die Appellante is reg in hul beoordeling dat die kerkorde 'n preskriptiewe karakter het. Daarom behoort die Kerkorde volgens die formulering daarvan toegepas te word.*

- 5.2.2 dat die Streeksinode Randvaal Van der Linde (1083:278) buite konteks aanhaal as begroning van die standpunt oor die onderskeid tussen die letter en die gees en beginsel van die Kerkorde.
- 5.2.2.1 Van der Linde maak egter 'n onderskeid tussen die letter en die gees van die Kerkorde om aan te toon dat 'n gemeente wat in buitengewone omstandighede nie die Kerkorde kan navolg nie, nie daarvoor verketter of veroordeel mag word nie. *“Omdat dit nie anders kan nie sondig so 'n kerk nie in die afwyking nie.”*
- 5.2.2.2 In die voorafgaande paragrawe sê Van der Linde dat veranderinge aan 'n Skrifgefundeerde Kerkorde selde nodig is. Ook: *“Indien 'n plaaslike kerk veranderinge noodsaaklik ag, moet dit langs die kerklike weg op 'n Algemene Sinode bewys word dat dit noodsaaklik is en wat die verandering moet wees. Eers as 'n Algemene Sinode die wysiging aangebring het, is dit wettig.”*
- 5.2.2.3 Die verwysing na Van der Linde bied nie begroning vir die Streeksinode Randvaal om 'n onderskeid te maak tussen die letterlike toepassing van die Kerkorde en 'n toepassing volgens die gees en beginsel van die Kerkorde nie.
- 5.2.2.4 Die Appellante is van die teendeel oortuig dat Van der Linde, wanneer hy in konteks gelees word, goeie begroning bied vir die standpunt van die Appellante.

*Kerkregtelike opmerkings van die Deputate*

*Dit blyk dat die bedoeling van Van der Linde inderdaad was om die uitsondering op die reël (noodsaak om van die Kerkorde af te wyk) te beskryf, maar dat sy bedoeling nie was om ruimte te skep om skeie te breek of vir die onderskeid tussen 'n letterlike en/of ander tipe verstaan van die Kerkorde nie.*

- 5.2.3 dat Spoelstra (1989:24) se afwysing van die Kerkorde as 'n kerkwet binne hierdie konteks as motivering vir die onderskeiding letter en gees en beginsel gebruik is.
- 5.2.3.1 Die Appellante is van oortuiging dat die Streeksinode Randvaal fouteer deur aan te voer dat Spoelstra se afwysing van die Kerkorde as kerkwet ad rem as begroning vir die onderskeid tussen 'n letterlike en gees/beginsel hantering van die Kerkorde.
- 5.2.3.2 Die verwysing na Spoelstra bied volgens die Appellante geen begroning vir die Streeksinode Randvaal om 'n onderskeid te maak tussen die letterlike toepassing van die Kerkorde en 'n toepassing volgens die gees en beginsel van die Kerkorde nie. Indien Spoelstra binne konteks gelees word, is dit duidelik dat die standpunt van die Appellante presies in ooreenkoms is met die siening van Spoelstra, soos duidelik word in 'n aanhaling:  
*“Die aspekte van die Kerkorde wat direk op die Skrif berus, dra die gesag wat die Skrif daaraan verleen. Ander ooreenkomste tussen die kerke oor hoe (modus quo) hulle mekaar steun om dit (quod) wat Christus van sy kerk vra, te gehoorsaam, berus op die gesag van ooreenkoms. Waarheid, eerlikheid en betroubaarheid bepaal dus dat die kerke afsonderlik en in hulle vergaderings hierdie ooreenkoms moet nakom. As sodanige kan op die Kerkorde as 'n regsgrond in 'n Appèl 'n beroep gedoen word. In so ver die Kerkorde by die kerkreg aansluit, byvoorbeeld wat die dienste inhou (artt 16, 23, 25), dat daar 'n Kerkraad moet wees (art 37) of hoe die tug bedien word (artt 72-77) mag daar nie van afgewyk word nie. Wanneer die belang van 'n kerk of kerke egter uitvoering van 'n formele bepaling verhinder, byvoorbeeld verskillende afkondiginge van name (artt 22, 24) of waar getuienis vir nagmaalviering in abnormale tye (art 61) ontbreek, kan van die gewone orde afgewyk word, mits aan basiese kerkreg voldoen word, die kerk gestig en die Here geëer word.”*

*“Die Kerkorde dra dus ‘n basiese ooreenkomskarakter en meer gesag as Sinodebesluite. Dit is die ooreenkoms wat Sinodes bepaal. Dit stel dus reg wat teenoor kerkvergaderings soewerein is. In Appèlsake moet die betrokke vergadering derhalwe ook die reg wat in die Kerkorde vervat is, bedien. Die gesag van die Kerkorde is daarom ook bedienend van aard, diensbaar aan die koningskap van Christus” (Spoelstra, 1989:190).*

- 5.2.3.3 Die Streeksinode Randvaal fouteer deur nie in ag te neem nie dat Spoelstra ook daarop wys dat “in soverre” die Kerkorde by die kerkreg aansluit daar nie van die Kerkorde afgewyk mag word nie.

*Kerkregtelike opmerkings van die Deputate*

*Die bedoeling van Spoelstra (binne konteks gelees) was inderdaad nie om ruimte te skep vir ‘n meerdere tipe verstaan van die Kerkorde nie, en daarom blyk dit dat aansluiting by Spoelstra se standpunt oor Kerkorde/Kerkwet nie ad rem is nie.*

- 5.2.4 dat die Streeksinode Randvaal fouteer deur KO, art 85 op hierdie saak van toepassing te maak en ook deur KO, art 85 foutiewelik weer te gee. Die Streeksinode Randvaal se stelling oor KO, art 85 is foutief: *In KO, art 85 word erken dat daar “middelmatige dinge” in die Kerkorde is ...*

- 5.2.4.1 Hierteenoor verduidelik die Appellante dat die Kerkorde nie bepaal dat daar middelmatige dinge in die Kerkorde is nie. Die Kerkorde bepaal dat die GKSA “in middelmatige dinge” die buitelandse kerke wat dit onderhou nie moet veroordeel nie. *“In middelmatige dinge moet die buitelandse kerke by wie ander gebruik as by ons in swang is, nie veroordeel word nie” (KO, art 85).* Hierdie bepaling getuig daarvan dat die Kerkorde so min bepalings as moontlik bevat omdat slegs dit wat nodig is in ‘n Kerkorde hoort. Middelmatige sake hoort juis by die kerke vir besluitneming en nie in die Kerkorde nie.

- 5.2.4.2 Die Streeksinode fouteer deur geen verband aan te dui tussen KO, art 85 en die kerke se onderneming teenoor mekaar om die Kerkorde in terme van KO, artt 53, 54 en 86 te onderhou en toe te pas nie. Die verwysing na KO, art 85 bied geen begroning vir die Streeksinode om ‘n onderskeid te maak tussen die letterlike toepassing van die Kerkorde en ‘n toepassing volgens die gees en beginsel van die Kerkorde nie.

*Kerkregtelike opmerkings van die Deputate*

*Dit blyk dat KO, art 85 verkeerdlik toegepas is op die sogenaamde onderskeid tussen ‘n letterlike interpretasie van die Kerkorde en ‘n interpretasie volgens die gees en beginsel van die Kerkorde. Die bedoeling van KO, art 85 is inderdaad om middelmatige dinge van buitelandse kerke (waar moontlik ander gebruik bestaan) nie te veroordeel nie. Die bedoeling (gees en beginsel – sic!) van KO, art 85 is klaarblyklik nie om te konstateer dat daar middelmatige dinge in die Kerkorde self is nie.*

- 5.2.5 Volgens die Appellante krenk die Streeksinode die reg deur op ‘n ongenuanseerde en inkorrekte wyse met die tersaaklike dokumente om te gaan en hulle regspraak daarop te baseer:

- 5.2.5.1 deur Klassis Groter Johannesburg gelyk te gee dat die Klassis die Kerkorde as maatstaf gebruik het vir die oordeel oor die GK Linden se bedieningspraktyke. Die Notule van die Klassis word aangehaal wat van die teendeel getuig dat die Kerkorde as maatstaf in beoordeling gebruik is. Die Notule van die Klassis (26 Julie 2014) konstateer ‘n afwyking van die Kerkorde, en maak sonder enige bewysvoering die stelling dat die praktyk in Linden teen die Kerkorde is, maar nie noodwendig teen die Skrif en Belydenis nie. Kerkorde, art 3 figureer nie in die beoordeling nie. Die vraag waarom dit gaan is of die persone wat by Linden preek wettig daartoe beroep en toegelaat is.

Daaroor het die Klassis nie in terme van KO, art 31 reg gesprek nie, maar 'n rede gegeneer waarom die Linden nie buite die Kerkorde sou handel nie: deur te kondoneer dat die Kerkorde op 'n letterlike en 'n ander wyse toegepas kan word.

Kerkregtelike opmerkings van die Deputate

*Dit blyk uit die getuienis en die beredenering van die Appellante dat die Streeksinode inderdaad die Klassis gelyk gegee het dat die Klassis wel die Kerkorde gebruik het, maar dat die Notule van die Klassis getuig van die teendeel getuig, in besonder ten opsigte van die toepassing van KO, art 3.*

5.2.5.2 deur die stelling te maak dat “wanneer 'n vraag oor die Kerkorde gevra word, word Skrif en Belydenis noodwendig betrek, ongeag of 'n Appèl spesifiek daarvoor vra of nie” (kyk 3.4 hierbo). Die stelling van die Streeksinode is volgens die Appellante in stryd met KO, artt 31, 33 en 86 en Sinode 2012:27-29. Beide die Kerkorde en die Sinodebesluit stel dat die Skrif en die Kerkorde norme is vir die beoordeling van kerklike sake. Die Kerkorde is as geheel 'n dokument wat Sinode(s) goedgekeur het omdat dit getoets is aan die Skrif en Belydenis. Daarom dien dit as vertrekpunt in die Kerkregering dat die Skrif en Kerkorde normatief is. Indien iemand meen dat die Kerkorde foutief is; nie geldig is nie; verander moet word of dat daar byvoegings gemaak moet word, word die kerklike weg gevolg soos gereël in KO, artt 46 en 86. Die Kerkorde is self 'n grond waarop daar vir regspraak 'n beroep gedoen mag word (vgl Spoelstra, 1989:190).

Kerkregtelike opmerkings van die Deputate

*Die Appellante bewys tereg aan dat die Kerkorde en Sinodebesluite aandui dat beide Skrif en Kerkorde norme is waaraan kerklike sake beoordeel behoort te word. Uit die Appellante se beredenering is dit duidelik dat daar nie twee stelle norme vir die kerk geld nie. Slegs die Skrif geld. Die KO konkretiseer juis die Skrifbeginsels, soos dit in die Belydenis verwoord is vir die kerklike praktyk. Die Kerkorde is dus nie “n gesag” naas die Skrif nie.*

5.2.5.3 deur op 'n eensydige en ongegronde wyse aan te voer dat die Appèlgronde waaroor Klassis Groter Johannesburg (26 Julie 2014) moes regsprek reeds by 'n vorige geleentheid geslaag het (by Klassis Groter Johannesburg 19 Mei 2012). Die stelling van die Streeksinode is volgens die Appellante nie korrek nie. Die Klassis (19 Mei 2012) het hom uitdruklik gedistansieer van die moontlike korrektheid van die Appèlgronde en slegs 'n tegniese toegewing gemaak waarop die Appèl geslaag het (19 Mei 2012). Die Klassis ontken ten sterkste dat die materie van die Appèlgronde enigsins sou slaag. Verder fouteer die Streeksinode deur nie aan te dui nie wat die relevansie daarvan sou wees indien daar voorheen 'n Appèl op hierdie gronde geslaag het nie.

Kerkregtelike opmerkings van die Deputate

*Uit stukke en getuienis blyk dat die Klassis Groter Johannesburg juis nie die wesentlike van die beswaargronde laat slaag het nie, en beredeneer nie die implikasie van 'n moontlike geslaagde Appèl nie.*

5.2.5.4 deur op dieselfde eensydige wyse (kyk 5.1.2.3 van Appèlskrif) aan te voer dat die Appellante se “bewering” dat die Appèlgronde waaroor die Klassis Groter Johannesburg reg moes spreek nie hanteer is nie, onaanvaarbaar is. Die stelling van die Streeksinode Randvaal berus op 'n fundamentele misverstand wat betref die saak in sy geheel (vgl 25 November 2014, pt 5.1.1.3).

Die Streeksinode Randvaal (25 November 2014) voer aan dat die Klassis Groter Johannesburg se optrede verstaan moet word op grond van die besluit van die voortgesette Streeksinode (Handelinge Voorgesette Vergadering Streeksinode Randvaal 2012, 19 November 2013). Die Streeksinode se lees van die besluit (Acta 2012/13:74, 75 pt 4.2) is foutief. Die Klassis het niks gesê oor die Appèlgronde nie. Indien daar nie uitspraak gelewer is oor die Appèlgronde nie, is die Appèl nie behandel en afgehandel nie (KO, art 31). Daar is in die Notule van die Klassis Groter Johannesburg (26 Julie 2014, pt 8) geen aanduiding dat die Appèlgronde enigsins behandel is en daarvoor uitspraak gelewer is nie. Die Streeksinode se standpunt berus regtens op die mistasting dat 'n Appèl afgehandel kan word deur slegs die bewysvoering te beoordeel sonder om die Appèlgronde dan in die lig daarvan finaal te behandel en te beoordeel.

#### Kerkregtelike opmerkings van die Deputate

*Uit die getuienis en beredenering blyk dit dat die Klassis Groter Johannesburg inderdaad nie die Appèlgronde self beoordeel het nie, maar dat die behandeling van bewysvoering van die Appèl die Klassis Groter Johannesburg tot die besluit laat kom het om die ondersoek na die GK Linden se wyse van bediening te verskuif, eerder as om die Appèlgronde te behandel en af te handel. Die Streeksinode het die Klassis hierin gelyk gegee.*

5.2.5.5 deur die Appèlgrond (kyk 5.1.1.5) nie te laat slaag nie op grond daarvan dat die Streeksinode bevind dat die Klassis versuim het om te beoordeel of die sg vyf praktyke van die Linden teen die Skrif en Belydenis is. Binne die konteks van die Appèl behoort die beredenering van die Deputate Appèlgrond 1 te laat slaag. Die Appellante wys daarop dat al sou die Klassis oordeel dat die optrede van die Linden nie teen die Skrif en die Belydenis is nie, Linden en die Klassis steeds nie die reg sou hê om teen die Kerkorde te handel nie, totdat 'n Algemene Sinode anders bepaal.

#### Kerkregtelike opmerkings van die Deputate

*Die bevinding van die Streeksinode Randvaal is selfverklarend: Die Streeksinode erken dat die sogenaamde vyf praktyke nie eksegeties ondersoek en beoordeel is nie. Op grond van hierdie feit moes die Appèlgrond slaag. Die Streeksinode Randvaal sê self dit is 'n ernstige leemte in die Klassis Groter Johannesburg se beoordeling van die saak.*

#### **Opsomming en finale oorwegings vir Appèlgrond 1**

*Drie sake word in hierdie Appèlgrond aangevoer:*

- (1) *Die Streeksinode Randvaal handhaaf en onderskryf 'n onderskeiding tussen 'n letterlike en 'n "ander" wyse van die verstaan en toepassing van die Kerkorde wat in stryd is met die Kerkorde self.*
- (2) *Die normatiewe aard en gedag van die Kerkorde word sodoende misken.*
- (3) *Die Streeksinode Randvaal beroep hulle ter ondersteuning van hulle standpunt verkeerdlik op sekere kerkregtelikes deur hulle (die kerkregtelikes se) werke op 'n ongeldige en ongenuanseerde wyse te verreken.*

#### Wat die beredenering en uitspraak van die Streeksinode Randvaal betref, die volgende

- (a) *Die Streeksinode Randvaal beredeneer dat Klassis Groter Johannesburg die Kerkorde as maatstaf gebruik in hulle beoordeling van sake (vorige Appèlle), ook al word die indruk gewek dat dit nie die geval is nie (kyk Bylae 10, pt 5.1.1.1 en in besonder 5.1.1.1.1).*
- (b) *Die Streeksinode Randvaal neem daarvan kennis dat Klassis Groter Johannesburg die bedoeling het om by die gees en beginsels van die Kerkorde te bly, ook al word daar van die letter van die Kerkorde afgewyk (kyk Bylae 10, pt 5.1.1.1.2).*



- (c) *Die Streeksinode Randvaal oordeel dat die Appellante verkeerd is as hulle (die Appellante) meen dat die Klassis Groter Johannesburg teen die Kerkorde ingaan as die letter daarvan verwerp word, maar die gees en beginsel daarvan behoue bly (kyk Bylae 10, pt 5.1.1.1.3)*
- (d) *Die Streeksinode Randvaal verwys na grepe uit werke van Van der Linde en Spoelstra om aan te toon dat die Kerkorde nie altyd letterlik toegepas kan word nie, asof 'n geen-letterlike-toepassing van die Kerkorde in stryd sou wees met die Godsopenbaring (kyk Bylae 10, pt 5.1.1.2)*

#### Beredenering

- (i) *Deur hulle oordeel in 5.1.1.1.3 spreek die Streeksinode Randvaal homself inderdaad ten gunste van 'n onderskeiding tussen 'n letterlike betekenis en 'n bedoeling-in-gees-en-beginsel van die Kerkorde uit – net soos Klassis Groter Johannesburg en die GK Linden. Die Toeligers van die Streeksinode Randvaal het dit ook so verduidelik. So 'n onderskeid is nie moontlik nie, want dit druis in teen die gees en karakter van die Kerkorde self en ondergrawe die vertroue wat die kerke met mekaar het. Dit wat ons bedoel, skryf ons in die Kerkorde neer – en dit wat ons skryf in die Kerkorde neerskryf, bedoel ons.*
- (ii) *Die Kerkorde is inderdaad normatief in soverre dit die Skrif direk laat spreek. Die enkele regulatiewe sake is duidelik onderskeibaar. Ook die regulatiewe is egter onderling op ooreengekom en kan nie eensydig agterweë gelaat word nie. Die afspraak in Kerkorde, art. 86 is duidelik hieromtrent.*
- (iii) *'n Verwysing na werke van kerkregtelikes om 'n standpunt te handhaaf is op sigself altyd moeilik (kyk 5.2. van Appèlskrif). Kerkregtelikes se standpunte moet binne konteks gelees word. Wat Van der Linde se opmerking betref toon die Appellante tereg aan dat hy buite konteks aangehaal is (Appèlskrif pte 4.1.1.2 en 4.1.1.3). Spoelstra stel by KO, art 86 uitdruklik dat kerke kragtens die liefde aan mekaar trou moet bly in die ooreenkoms waarop hulle mekaar erken, ondersteun en bystaan in die kerkregering om hulle roeping van ware kerkwees uit te leef.*

#### **Bevinding ten opsigte van Appèlgrond 1**

Die Streeksinode Randvaal krenk die reg deur op grond van die gegewens wat voor die Streeksinode gedien het te bevind dat daar 'n geldige onderskeid gemaak kan word tussen die letterlike toepassing van die Kerkorde en 'n sg toepassing van die Kerkorde volgens die gees en beginsel daarvan.

#### **Uitspraak**

Die Appèl slaag op hierdie grond.

#### **5.3 Appèlgrond 2**

##### Die Appellante beweer

*dat die Streeksinode Randvaal teenoor die Skrifbeginsel (vgl Acta 2012:24-27) dat getuies/getuienis deeglik getoets behoort te word voordat daar tot regspraak gekom kan word, die Klassis Groter Johannesburg gelyk gegee het sonder om aan te toon wat die getuienis is wat voor die Streeksinode Randvaal gedien het, op watter wyse die getuienis deur die Streeksinode Randvaal getoets is, of om die bewysvoering van die Appellante te weerlê*

##### Die Appellante beredeneer

**5.3.1** *dat die Streeksinode Randvaal die reg krenk deur die getuienis van die toeligers van die Klassis Groter Johannesburg nie in terme van KO, art 31 en die besluit van Sinode 2012:24-27 in die Rapport te stel, te beredeneer en te toets nie en bly daardeur in gebreke om die bewysvoering van die Appellante te weerlê.*

- 5.3.1.1 Die appellante lig uit dat die Streeksinode uit die toeligtig van die Klassis Groter Johannesburg moes vasstel en toets of hul standpunt tydens die besluit van 26 Julie 2014 oor die letterlike toepassing van die Kerkorde en die toepassing volgens die gees en beginsel van die Kerkorde korrek is soos die Appellante dit aflei en verstaan. Daarteenoor het die Streeksinode onder meer die volgende toeligtig ontvang:  
 “Die toeligtigers van KGJ het in hulle getuienis bevestig dat hulle nie die Kerkorde as “in stryd met” die Skrif/Belydenis beskou, of as “teenoor” die Skrif/Belydenis sien of hanteer nie. Hulle voorsien wel die moontlikheid om sommige van die artikels van die Kerkorde ingevolge art 86 te laat herformuleer of te verander.”
- 5.3.2.2 Die Streeksinode Randvaal aanvaar volgens die Appellante hierdie getuienis van die Toeligtigers sonder om die getuienis van die Toeligtigers duidelik in die Rapport te stel/formuleer en te beoordeel. Die bewyse wat die Appellante op die Streeksinode Randvaal aanvoer word nie deur die Streeksinode Randvaal beredeneer of weerlê nie.

Kerkregtelike opmerkings van die Deputate

*Die Appellante toon aan dat daar moontlik 'n klemverskuiwing ontstaan het tussen wat die Streeksinode 'n “kursoriese en onduidelike formulering” en “(inderdaad gebrekkige) notulering” van die Notule van die Klassis Groter Johannesburg (26 Julie 2014, pt 8) noem en die bevinding van die Klassis Groter Johannesburg “dat die Kerkorde wel in die beoordeling as maatstaf gebruik is (vgl pt 8 van die Notule)”. In pt 8 word gepraat oor die funksionering van die Kerkorde, maar in die sin dat die Kerkorde nie noodwendig (letterlik) gevolg behoort te word nie. Die Toeligtigers van die Klassis Groter Johannesburg lig verder die Klassisbesluite so toe dat dit blyk dat die Klassis en die GK Linden nie die Kerkorde “in stryd met” of “teenoor” die Skrif/Belydenis sien of hanteer nie, en voorsien dat daar moontlike verandering of herformulering van Kerkorde artikels kan voortspruit.*

*Die Toeligtigers van die Streeksinode het te kenne gegee dat die Toeligtigers van Klassis Groter Johannesburg gevra is of hulle die Kerkorde onderskryf en die Toeligtigers het bevestigend daarop geantwoord. Daarmee het die Deputate van die Streeksinode geoordeel dat die saak afgehandel is. Die getuienis waarin moontlik bakens geskuif is, is dus nie getoets nie.*

*Toeligtigers is veronderstel om slegs die besluit van die vergadering toe te lig. As die Notule se beredenering en besluit gelees word (Klassis Groter Johannesburg, 26 Julie 2014, Bylae 3), wys 'n diskrepansie tussen die besluit wat geneem is en die mening (soos aangehaal in Appèlgrond 2) van die Toeligtigers wat aanleiding gee tot die nie-slaag van daardie Appèlgrond. Dit blyk dat die Toeligtigers by nabaat en buite hulle mandaat meer as net die besluit toegelig het.*

Twee sake word in hierdie Appèlgrond aangevoer

*Die Skrifbeginsel (met verwysing na Sinode 2012) lui dat getuies behoorlik getoets moet word voordat tot regspraak gekom kan word. Dit is volgens die Appellante nie gedoen nie, want:*

- (a) Die SSR gee die KGJ gelyk sonder om aan te toon wat die getuienis is wat voor die SSR gedien het*
- (b) Die SSR gee die KGJ gelyk sonder om aan te toon op watter wyse die getuienis deur die SSR getoets is*

*Die SSR gee die KGJ gelyk sonder om die bewysvoering van die Appellante te weerlê.*

*Dit blyk dat die volgende twee Skrifbeginsels ter sprake is:  
 audi et alteram partem, en*

*in die mond van twee of drie staan 'n saak vas (Deut 17, 1 Tim 5 etc).*

## **Bevinding ten opsigte van Appèlgrond 2**

dat die Streeksinode Randvaal kragtens Acta 2012:24-27 nie getuies/getuienis deeglik getoets het voordat daar tot regspraak gekom is nie, deur die Klassis Groter Johannesburg gelyk gegee het sonder om aan te toon wat die getuienis is wat voor die Streeksinode Randvaal gedien het, op watter wyse die getuienis deur die Streeksinode Randvaal getoets is, of om die bewysvoering van die Appellante te weerlê

## **Uitspraak**

Die Appèl slaag op hierdie grond.

### *5.4 Appèlgrond 3*

#### Die Appellante beweer:

*dat die Streeksinode Randvaal KO, art 30 krenk deur 'n uitspraak te maak wat aanleiding gee dat regspraak in terme van KO, artt 30 en 31 nie afgehandel kan word nie.*

#### Die Appellante beredeneer

- 5.4.1 dat die Streeksinode Randvaal fouteer deur aan te voer dat Appèlgrond 3 (SSR 25 November 2014) handel oor die nie-nakoming van 'n Sinodebesluit deur die Voorsitter van die vergadering, naamlik dat die opening van 'n vergadering nie die vergadering mag prejudiseer nie.
- 5.4.1.1 Daarteenoor gaan dit in Appèlgrond 3 daaroor dat elke kerklike vergadering binne die Kerkorde sy eie prosedure bepaal. Daarom wys die Appellante daarop dat dit op hierdie punt nie gaan oor presedente reg nie. Dit gaan ook nie oor die nie-nakoming van 'n Sinodebesluit nie. Tydens die opening van KGJ is die Skrifbeginsel, dat regters onpartydig oor sake moet oordeel, by wyse van die opening in gedrang gebring (vgl die beredenering in Acta 1964:13, 14).
- 5.4.1.2 Die Streeksinode Randvaal krenk die reg deur nie die konsekwensies van die besluit, dat die vergadering deur die opening geprejudiseer is, te verreken nie. 'n Belangrike punt is dat die Deputate oordeel dat daar tydens die opening 'n fout begaan is wat in die geheel gesien die verdere besluitneming van die vergadering beïnvloed het. Die Streeksinode verwys in die verband na 'n "wesentlike" moontlikheid dat die vergadering deur die opening geprejudiseer is. Daarom slaag die Appèl op hierdie grond.
- 5.4.1.3 Die Streeksinode Randvaal neem nie in ag nie dat die Klassis Groter Johannesburg tydens sy sitting die geleentheid om die saak reg te stel nie gebruik het nie. Die tersaaklike ordevoorstel is afgestem. Die Streeksinode fouteer deur die saak verder te hanteer na aanleiding van 'n moontlike analogie met Sinode 1964 nie. By Sinode 1964 is die saak tydens die Sinode hanteer en reggestel. KGJ het egter nie die geleentheid gebruik om die saak tydens sy sitting reg te stel nie.
- 5.4.1.4 Die Streeksinode krenk die reg deur op 'n sanksie te besluit wat geen invloed op die onreg het wat by wyse van die opening plaasgevind het nie. Daar is ook geen moontlikheid dat die regskrenking van die Klassis reggestel kan word nie, aangesien die wesentlike gronde van die Appèl nie slaag nie. Die Klassis kan, soos die veronderstelling uit die uitspraak blyk te wees, nie die saak in terme van KO, artt 30 en 31 afhandel nie. Die gronde waarop die saak behandel kon word, het nie by die Streeksinode geslaag nie. Die onreg teenoor die Appellante word onbeantwoord gelaat, terwyl die persoon wat die onreg gepleeg het by 'n volgende Klassis slegs 'n vermaning ontvang. Die Streeksinode verreken egter nie dat 'n hele vergadering daardeur geprejudiseer is nie, en ook nie wat die gevolge daarvan is nie. Dit stel die saak nie reg nie.

### Kerkregtelike opmerkings van die Deputate

Een saak word in hierdie Appèlgrond aangevoer:

Die Streeksinode se uitspraak oor die Appèl lei daartoe dat die eintlike saak waaroor die Appèl handel, nl die bedieningsmodel in die Klassis, nie verder hanteer kan word nie.

Wat die beredenering en optrede van die Streeksinode betref, die volgende:

- (a) Die Streeksinode beaam dat prejudisering 'n wesentlike moontlikheid was (Bylae 10, pt 5.3.1.2), sonder om aan te toon wat die prejudisering inhoud.
- (b) Die Streeksinode besluit op 'n formele grond ('n wesentlike moontlikheid van prejudisering), sonder om dit met enige materiële gronde (die eerste grond van die Appèl) te verbind, dat die Appèl in sy geheel slaag (Bylae 10, pt 5.3.3.1).
- (c) Die Streeksinode besluit verder dat die saak onder KO, art 43 dmv persoonlike en vertroulike gesprekke by 'n eersvolgende vergadering van Klassis Groter Johannesburg hanteer moet word. 'n Gespreksriglyn is vir dié doel saamgestel (Bylae 10, pt 5.3.3.2 en 5.3.3.3).

Hierdie is die kern van die saak. Net soos by Klassis Groter Johannesburg, slaag die Appellante se Appèl ook by Streeksinode – op 'n formele grond. Intussen bly die inhoud van die saak onaangeraak. Streeksinode wend 'n poging aan om verdere gesprek op gang te sit, maar dit is ingevolge KO, art 43, wat handel oor vermaning indien iemand hom sleg gedra het.

Die appellante het gelyk dat die uitspraak van die Streeksinide hulle verontreg, aangesien die eintlike saak waaroor dit gaan, nl die bedieningsmodel van die GK Linden, steeds nie bespreek word nie. Dit kan ook nie op hierdie manier verder bespreek word nie.

### **Bevinding ten opsigte van Appèlgrond 3**

Dit blyk dat die Streeksinode Randvaal KO, art 30 krenk deur 'n uitspraak te maak wat aanleiding gee dat regspraak in terme van KO, artt 30 en 31 nie afgehandel kan word nie.

### **Uitspraak**

Die Appèl slaag op hierdie punt.

**Besluit: Punte 5.1 tot einde van 5.4.1.4 kennis geneem. Die Deputate het volgens die goedgekeurde werkswyse gehandel en regspraak volgens opdrag gelewer.**

### **6. Finale bevinding en uitspraak**

Die Appèl slaag op al drie gronde.

#### 6.1 Bevinding

Die Appèl slaag in sy geheel en bewys regkrenking.

#### 6.2 Uitspraak

6.2.1 Dat die Appèl in sy geheel op al die gronde slaag.

**Besluit: Punte 6.1 tot 6.2.1 kennis geneem. Die Deputate het volgens die goedgekeurde werkswyse gehandel en regspraak volgens opdrag gelewer.**

6.2.2 Met die behandeling van die dokumente het die Deputate onder die indruk gekom van die onderliggende probleem:

6.2.2.1 In Bylae 7 onderstreep die GK Linden dat hulle hul in die kerkregering nie soseer laat lei deur die Belydenis en die Kerkorde nie, maar deur die Woord van God. *The spiritual method of management and ministry patterns in the RC Policy is not determined by the CO, but in the Word of God. Neither the CO nor the Three Formularies of Unity have the purpose of determining the spiritual management and ministry patterns in a limiting way for every local church, even if they refer to many forms, patterns, methods, functions and traditions.* Die GK Linden se denkwysie oor die Kerkorde word bevestig in Bylae 11, p2 as hulle na die optrede van die Appellante verwys as “the legalistic, juristic approach and criticism of the RCL” wat volgens hulle onnodig is.

- 6.2.2.2 Bylae 8 (die Handeling van Streeksinode Randvaal, 2013) bevestig bogenoemde probleem.
- (a) In Aanhangsel A verduidelik die Klassis Groter Johannesburg waarom die Appèl nie op die letter van die Kerkorde kon slaag nie, want dan kom al die kerke van die Klassis in diskrediet.
  - (b) In Aanhangsel B verduidelik die GK Linden dat 'n oop/positiewe diskussie by die Klassis Groter Johannesburg oor die bedieningsmodel van Linden die regte pad is om uit die probleem uit te kom. Die oorspronklike vraag van die Appellante bly steek: Voldoen die model aan die eise van die Kerkorde?
- 6.2.2.3 Die Streeksinode se oplossing was om 'n gesprek kragtens KO, art 43 by die Klassis Groter Johannesburg aan te beveel. Dit los nie die saak op nie, aangesien art 43 van die Kerkorde bedoel is om sensuur uit te oefen oor diegene wat iets tugwaardigs in die vergadering gedoen het of die vermaning van die mindere samekoms te verontagsaam het. Dit is nie hier ter sprake nie.
- 6.2.2.4 Die Klassis het al verskeie pogings aangewend om die saak op te los. Die gedagte om die bedieningsmodel van Linden met bedieningsmodelle van omliggende kerke te vergelyk is nie die antwoord op die probleem nie, aangesien dit nie is waarvoor gevra word nie.

**Besluit: Punte 6.2.2 tot 6.2.2.4 kennis geneem.**

6.2.2.5 Die hart van die probleem lê in die GK Linden se verstaan van die Kerkorde.

**Besluit: Punt 6.2.2.5 kennis geneem (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).**

6.3 Vir die afhandeling van die saak

6.3.1 Die nuwe voorgestelde Appèlprosedure maak voorsiening daarvoor dat Appèldeputate die regsgevolge van die uitspraak kan hanteer:

*“Die Appèldeputate stel ‘n Finale Rapport op waarin die volgende gemeld word:*

*7.6.7 Waar van toepassing, ‘n uiteensetting van die regsgevolge van die uitspraak.*

*7.6.8 Waar van toepassing, aanbevelings aangaande ‘n pastorale weg om die regskending of foutiewe persepsie daarvan uit die weg te ruim.”*

**Besluit: Kennis geneem.**

6.3.2 In die lig van die spesifieke problematiek wat die Appèlskrif aanspreek, beveel die Deputate aan dat die versoeke van die Appellante, soos aangedui in 3.3 van hulle Appèlskrif, na die te benoemde Deputate, KO, art 49 verwys word om in oorleg met die Appèldeputate oor die saak te handel.

**Besluit: Goedgekeur.**